

**27 November**

**Skrifgedeelte: Openbaring 21:9-27**

**Fokusgedeelte: Openbaring 21:9-10**

**God se kerk leef**

Johannes sien die beeld van die nuwe Jerusalem in 'n visioen. Dit is egter nie net 'n visioen vir iets wat in die toekoms is nie, maar wat reeds besig is om te gebeur. Hy sien die heilige Jerusalem, die bruid, die vrou van die Lam, die kerk, wat besig is om neer te daal.

Die kerk het sy oorsprong by God en daarom daal dit van die hemel af neer en toon dit die heerlijkheid van God self. Elkeen van ons as ware gelowiges is deel van hierdie stad, die kerk. Ons is soos kosbare edelstene met die glans van diamante – nie uit ons eie nie, maar deur die kosbare bloed van ons Verlosser, Jesus Christus. Die Here kyk na ons deur die bloed van die Lam. So moet ons ook na elke medegelowige, medelidmaat van die gemeente kyk. Sien elkeen se glans raak as medebousteen van die nuwe Jerusalem.

Ja, ons is nie 'n kerk wat dood is of reeds gearriveer het nie, maar is lewend. Ons is op pad na 'n einddoel. 'n Nuwe hemel en nuwe aarde. 'n Toekoms waar ons deursigtig sal wees en geen sonde, lyding of hartseer meer sal hê nie. Ons is kosbare edelstene wat deur God geslyp en gepoleer word. As bruid van Christus word ons daaglik gesuiwer en gereed gemaak vir ons bruilof met Hom, waar ons vir ewig saam met Hom sal woon in die nuwe Jerusalem.

*Sing: Psalm 122:1*

*Ds LP van Jaarsveld (Uitschot/Sannieshof/Delareyville)*